higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N360**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N4

(22020034)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige DRIE vrae uit AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. ALLE grafieke moet duidelik benoem wees.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 In ekonomie het ons te doen met onbeperkte behoeftes teenoor beperkte …

A huishoudelike ingrypings.
B regeringsverkwisting.
C middele.
D stygende pryse.

1.1.2 EEN van die volgende is NIE 'n produksiefaktor nie:

A Rentekoerse
B Arbeid
C Kapitaal
D Natuurlike hulpbronne

1.1.3 Mikro-ekonomie bestudeer die gedrag van individue en firmas tydens besluitneming oor die toewysing van skaars …

A vaardighede.
B voedsel.
C hulpbronne.
D nuttighede.

1.1.4 … bepaal die hoeveelheid wat gevra word.

A Die prys van die produk
B Die aantal verskaffers
C Elastisiteit van vraag
D Grond

1.1.5 Die wet van vraag stel dat as die prys van goedere of dienste styg, sal verbruikersvraag …

A laat toeneem.
B laat afneem.
C dieselfde laat bly.
D geen uitwerking hê nie.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 … is die hoeveelheid van 'n produk wat produsente bereid is om teen 'n sekere prys te verkoop binne 'n spesifieke tydperk.

A Vraag
B Industrialisering
C Produksie
D Aanbod

1.1.7 Ewewigsprys is die markprys waar …

A die hoeveelheid goedere wat aangebied word meer is as dié van goedere wat gevra word.
B die som van al die individuele aanvrae dieselfde is.
C die hoeveelheid goedere wat aangebied word gelyk is aan dié van goedere wat gevra word.
D die hoeveelheid goedere wat gevra word meer is as dié van goedere wat aangebied word.

1.1.8 As daar 'n toename in vraag is, skuif die vraagkromme na …

A die kant.
B die middel.
C links.
D regs.

1.1.9 … verwys na 'n hoeveelheid goedere wat nie verkoop is nie weens 'n gebrek aan ewewig in die mark.

A Aanbod
B Oorskot
C Marginale koste
D Vraag

1.1.10 Elastisiteit van vraag kan deur ... beïnvloed word.

A beskikbaarheid van plaasvervangers
B weerstoestande
C afsluiting van elektrisiteit.
D die aantal TV-stelle wat 'n mens het

1.1.11 … is EEN van die faktore wat die hoeveelheid beïnvloed wat aangebied word.

A Inkomste
B Bevolking
C Tegnologie
D Wins

Kopiereg voorbehou

1.1.12 Terugkeer na skaal verwys na die verandering in produksie as alle faktore oor die lang termyn in dieselfde verhouding verhoog word en kan …

A toeneem.
B konstant bly.
C afneem.
D Al bogenoemde

1.1.13 In 'n perfek-mededingende mark is die marginale-inkomste-kromme ook die …

A vraagkromme.
B gemiddelde-inkomste-kromme.
C A en B
D aanbodkromme.

1.1.14 Die wet van verminderde marginale nuttigheid stel dat soos wat meer van 'n produk verbruik word, is die bykomende voordeel aan die verbruiker …

A stygings.
B dalings.
C dat dit dieselfde bly.
D dat dit ewewigspunt bereik.

1.1.15 … maksimalisering word bereik deur daardie hoeveelheid produkte te produseer waar marginale inkomste gelyk is aan marginale kostes.

A Wins
B Inisiatief
C Besigheids
D Tegnologiese

1.1.16 'n … is 'n prysbepaler, nie 'n prysnemer, soos 'n firma in perfekte mededinging, nie.

A Oligopolie
B Natuurlike hindernis
C A en B
D Monopolie

1.1.17 'n Firma het mededingende voordeel as dit ... kan verskaf.

A verskillende waarde as sy mededingers teen 'n laer prys
B dieselfde waarde as sy mededingers teen 'n laer prys
C verskillende waarde as sy mededingers teen 'n hoër prys
D dieselfde waarde as sy mededingers teen 'n hoër prys

Kopiereg voorbehou

1.1.18 … is die netto geldwaarde van mense se bates.

A Wins
B Rykdom
C Belegging
D Opbrengste

1.1.19 Supernormale winste kan in 'n ... besigheid gemaak word deur middel van massiewe markmag en hoë pryse.

A vennootskap
B oligopolistiese
C monopolistiese
D maatskappy

1.1.20 Perfek-mededingende firmas verkoop ... goedere.

A gedifferensieerde
B homogene
C heterogene
D sinonieme

(20 × 2) (40)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Mynbou is 'n voorbeeld van 'n primêre-sektor-industrie.

1.2.2 Marginale inkomste is die totale inkomste wat 'n firma ontvang wanneer dit sy produkte verkoop.

1.2.3 Verbruiksgoedere word oor en oor gebruik en kan menslike behoeftes bevredig.

1.2.4 Die kromme van die verbruiksmoontlikheid word soms die begrotingslyn genoem.

1.2.5 Fiskale en monetêre beleid word nie deur die regering gebruik om die ekonomie van die land te reguleer nie.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik nuttigheid onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Definisie (2)

2.1.2 Marginale nuttigheid (2)


2.1.3 Wet van verminderde marginale nuttigheid (4)

2.2 Illustreer marginale nuttigheid deur middel van 'n marginale-nuttigheids-kromme. (6)

2.3 Verduidelik die situasie waar 'n firma sy wins maksimaliseer. (3)

2.4 Onderskei tussen *markbeperkings* en *tegnologiese beperkings*. (2 × 2) (4)

2.5 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae:



2.5.1 Hoeveel ontvang die firma per eenheid by QA? (2)

2.5.2 Bereken die marginale inkomste (MI) as vier eenhede verkoop word teen R25 per eenheid. (4)

2.5.3 Bereken die marginale inkomste (MI) as vier eenhede verkoop word teen R23 per eenheid. (4)

2.5.4 Bereken die totale verlies van inkomste vir die bedrae wat jy in VRAAG 2.5.2 en 2.5.3 hier bo gekry het. (2 × 2) (4)

2.6 Noem TWEE toegangshindernisse ten opsigte van monopolie. (2 × 2) (4)

2.7 Noem die VIER produksiefaktore. (4 × 2) (8)

2.8 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.8.1–2.8.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.8.1 'n … is iemand wat alle produksiefaktore, insluitend hom/haarself, organiseer om 'n besigheid te vestig of in stand te hou.

2.8.2 Daar is 'n … verhouding tussen die hoeveelheid goedere wat aangebied word en die prys daarvan.

2.8.3 Die … probleem word gekenmerk deur onbeperkte behoeftes teenoor beperkte middele.

(3 × 1) (3)

[50]

VRAAG 3

3.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n woord/term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Ekonomie	A	goedere of dienste wat benodig word, bv. voedsel, klere, huisvesting en gesondheidsorg
3.1.2	Behoeftes		
3.1.3	Produksie	B	styging in die algemene vlak van pryse vir goedere en dienste wat lei tot die daling in die koopkrag van 'n geldeenheid
3.1.4	Geleentheidskoste		
3.1.5	Natuurlike hulpbronne	C	alle persone wat onder een dak leef, wat direkte toegang tot die buitekant het
3.1.6	Huishoudings		
3.1.7	Vraag	D	begeerte om 'n produk te besit of 'n diens te ervaar
3.1.8	Vraagkromme		
3.1.9	Plaasvervangende goedere	E	goedere wat weens veranderde toestande mekaar kan vervang ten opsigte van gebruik
3.1.10	Inflasie	F	styg van links na regs
		G	'n wetenskap wat menslike gedrag bestudeer as 'n verhouding tussen doele en skaars middele wat alternatiewe gebruike het
		H	'n voordeel, wins of waarde van iets wat opgegee moet word om iets anders te bekom of bereik
		I	skepping van nuttighede
		J	hulpbronne wat bestaan sonder optrede van die mensdom

(10 × 2) (20)

3.2 Noem enige DRIE vorms van elastisiteit van aanbod. (3 × 2) (6)

3.3 Noem die VYF faktore wat die hoeveelheid goedere wat deur die verbruiker gevra word, sal beïnvloed binne 'n spesifieke tydperk. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.4 Verwys na die tabel hier onder en beantwoord die vrae gebaseer op die produksiekoste.

AANTAL WERKERS	TOTALE HOEVEELHEID VAN PRODUKSIE	TOTALE VASTE KOSTE	TOTALE VERANDERLIKE KOSTE	TOTALE KOSTE
0	0	350	(a)	350
1	10	350	100	450
2	15	350	200	(b)
3	25	350	(c)	650
4	35	(d)	400	750
5	40	350	500	(e)

3.4.1 Bereken die waardes van (a), (b), (c), (d) en (e). (10)

3.4.2 Wat is die gemiddelde totale koste om 35 produkte te produseer? (4)
[50]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Bemarking is daarop gebaseer om te dink oor die besigheid in terme van kliënte se behoeftes en hul bevrediging.

4.1.2 Prys beïnvloed nie die hoeveelheid goedere wat gevra word nie.

4.1.3 Die aanbodkromme draai afwaarts vanaf links na regs.

4.1.4 Komplementêre produkte is nie dieselfde as plaasvervangende produkte nie.

4.1.5 Bruto Nasionale Produk is die totale waarde van alle goedere wat deur vreemde nasionaliteite binne die land geproduseer word.

(5 × 2) (10)

4.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.2.1 Die ewewigsprys is waar hoeveelheid aangevra (gelyk is aan/meer is as) hoeveelheid aangebied.

4.2.2 (Meubels/Mynbou) is 'n voorbeeld van 'n primêre-sektor-industrie.

4.2.3 BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde) is 'n vorm van (direkte/indirekte) belasting.

4.2.4 Verbruik is die (vernietiging/gebruik) van goedere en dienste om 'n behoefte/begeerte te bevredig.

4.2.5 Spaar verwys na geld wat nie bestee is nie of (uitgestelde/onmiddellike) verbruik.

(5 × 2) (10)

4.3 Beskryf die volgende konsepte kortliks:

4.3.1 Begroting

4.3.2 Verminderde marginale opbrengste

4.3.3 Langtermynkostes

4.3.4 Aanlegafsluiting

(4 × 3) (12)

4.4 Gebruik die onderstaande tabel en beantwoord die vrae.

PRYS	VRAAG	AANBOD
R 50	500	100
R150	400	200
R200	300	300
R250	200	400
R300	100	500

4.4.1 Trek die vraag- en aanbodkrommes. (8)

4.4.2 Dui aan teen watter hoeveelheid en prys is die twee krommes in ewewig. (2)

4.4.3 Vanuit die vraag- en aanbodkrommes wat jy getrek het, dui aan teen watter prys en hoeveelheid sal die firma 'n oorskot hê. (4)

4.5 Gee enige TWEE soorte markte vir produksiefaktore. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende eienskappe van KAPITALISME of SOSIALISME is. Kies die antwoord en skryf slegs die woord 'Kapitalisme' of 'Sosialisme' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Herverspreiding van inkomste

5.1.2 Winsmotief

5.1.3 Vreedsame en demokratiese rewolusie


5.1.4 Regeringseienaarskap van produktiewe hulpbronne

5.1.5 Bereidwilligheid vir verandering

(5 × 2) (10)

5.2 Bespreek enige VIER verskillende soorte pryselastisiteit van vraag. (4 × 4) (12)

5.3 Gebruik die inligting wat in die indifferensiekromme hier onder gegee word om 'n tabel op te trek vir die kombinasie van A, B en C in verhouding tot produkte A en B.



(10)

5.4 Die volgende tabel verteenwoordig die totale inkomste van 'n firma. Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae.

HOEVEELHEID (Eenhede)	PRYS (R)	TOTALE INKOMSTE	MARGINALE INKOMSTE
10	7	70	
11	7	77	
12	7	84	
13	7	91	
14	7	98	

5.4.1 Bereken die marginale inkomste van die hoeveelheid van Eenheid 13 en 14. (6)

5.4.2 Hoeveel is die marginale inkomste vir elke ekstra bykomende eenheid van die produk wat verkoop word? (2)

5.4.3 Verduidelik die term *spaar.* (2)

5.4.4 Gee enige VIER redes waarom huishoudings geld spaar. (4 × 2) (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou